
# KAMMA-KLETS

April 2026 Kwartaal Een Uitgawe Vyf



## IN HIERDIE UITGAWE


- Fonteinvriende vier die liefde
- Belydenis van geloof
- Ons stap saam met Jesus
- Liplekker koek resepte
- Raai raai riepa - ’n Bybel blokraai
- Ken jou koster
- Oopkop ouerskap - wat wil ChatGPT ons leer?
- Gedagtes oor oorlog
- Agt gewoontes vir gelowiges in 2026

# Ds Toit's Story....




Daar is 'n storie van 'n man wat in 'n besige winkelsentrum stap met 'n tweejarige seuntjie in 'n stootwaentjie. Die kind is woelig en moeilik, maar die pa herhaal aanhoudend met 'n kalm stem: "Dis nie so erg nie, Billy. Dit sal okay wees, Billy. Jy gaan dit maak, Billy." 'n Vrou wat dit sien, prys die man omdat hy so mooi met klein Billy praat, waarop hy antwoord: "Mevrou, my seuntjie se naam is Patrick. Ek is Billy."

Ek het hierdie eerste kwartaal gereeld aan hierdie verhaal gedink. As ek aan die kwartaal terugdink dan kom daar woorde by my op soos warm, bedompig, sweterig, moeg, geen water, geen krag, duur brandstof, duur inkopies en te vol program.

Maar gelukkig, soos die tyd in 'n winkelsentrum met 'n tweejarige, is alles net tydelik. Dit is daarom heel gepas dat ons hierdie kwartaal eindig met Paastyd. Waar ons opnuut rondom die kruis herinner kan word van God se groot kruis-liefde vir ons ten spyte van ons omstandighede.

Met die terugkyk na die vorige 4 Kamma-klets uitgawes wil ons graag vir Marieke en Mieke Dolphin bedank vir die reuse werk wat hulle gedoen het. Julle opoffering en moeite het die wiel aan die rol gesit vir iets wat nog vir baie jare hoop gaan bring in ons geloofsgemeenskap. Dankie ook aan Ignet Vosloo vir haar deurleefde oopkop ouerskap wysheid en vir Francois Steenekamp van PNA vir die druk van elke uitgawe. Julle deelname maak ons geloofspan sterker.

Hierdie kwartaal was 'n besige een vir ons gemeente. Gaan lees gerus wat alles plaasgevind het, en skakel gerus in waar jy voel dit lekker lyk. Skop uit jou skoene, sit op jou bril, sit aan die ketel, haal diep asem en wees oop om God deur hierdie verhale te ontmoet . . .



***Volg Jesus se pad van kruis na opstanding***
*Maar as ek Barabas vir julle vrylaat, het Pilatus hulle gevra, wat moet ek dan met Jesus die Messias doen? Hulle roep almal: Hy moet gekruisig word! - Matt 27:22*

# ‘n Besige kwartaal in ons gemeente

## Fonteinvriende vier die liefde




Op 'n koue nat Donderdag, 12 Februarie het ‘n groep van sestig senior burgers saamgekom om die liefde te vier.

Saam met die lekker kuier is die algemene kennis ook getoets met ‘n interessante musiek-trivia rondom rolprente, TV-programme en liedjies.

Ons meer senior lede het die jongeres verras met hul algemene kennis. Daarna kon almal ‘n ligte ete saam geniet. Ons sien uit na die tweede kwartaal se byeenkoms!

***Indien jy meer inligting rakende die Fonteinvriende benodig, kontak Linda Rossouw op 082 402 4396.***



# Belydenis van geloof 2026




Op Sondag 15 Februarie 2026 het 26 van ons jongmense Belydenis van geloof afgelê.

Amoré van Onselen
Andries Vorster
Anlo Kruger
Cherize Schutte
Crishke van Zyl
Eben Peens
Emma Olivier
Emma Wepener
Enye Smit
Gunther Strauss
Jaycee Diedericks
Kaley Schellingerhout
Kiara Hough
Liam Blignault
Lumé Barnard
Malan Du Preez
Mari Geissler
Matthys Potgieter
Maynard Crouse
Miané Saunders
Paul van Heerden
Risto Strydom
Stèphan Dolphin
Teneal Els
Wian Holtzhausen
Zandri Stumke



*Hulle stroop Hom toe van sy klere en hang vir Hom 'n pers mantel om. Hulle het ook 'n krans van dorings gevleg en dit op Sy kop gesit, en 'n rietsepter in Sy regterhand. - Matt 27: 28-29*




Ons het tydens die oggend by Matteus 25:14-30 stilgestaan by die slawe wat vyf, twee en een talente gekry het. Op die einde van die dag het die een wat vyf en twee gekry het, beide 'n vermeerdering van 100% gemaak met wat hulle het.

Hul ontvang ook van die eienaar dieselfde lofwoorde. Die uitdaging is egter die derde slaaf wat sy talent, omdat hy bang was, in die grond gaan begrawe het.

Die derde slaaf maak die lewe vir homself moeilik deurdat hy konstant sy lewe deur vrees, vergelyking en verskonings laat regeer. Die groot probleem vir die derde slaaf is die prent wat hy het van sy eienaar.

Tydens die diens het Ds Toit die volgende drie aanhalings met die kinders gedeel:

***"Wat jy is, is God se geskenk aan jou; wat jy met jouself doen, is jou geskenk aan God."***

***"God gaan nooit vra, wat het jy gedoen met wat jy nie het nie."***

***"Dit gaan nie oor wat jy het nie, dit gaan oor wat jy maak met wat jy het."***

Lees op die volgende bladsy van die kinders se getuienisse.



*“Ek wil net eers eerlik wees: my geloof is vêr van perfek. Die idee van “my geloof” is iets waarmee ek steeds sukkel. Ek weet nie altyd waar ek staan nie, en ek het dikwels meer vrae as antwoorde. Maar ek het begin verstaan dat geloof nie beteken om alles uit te figureer nie—dit gaan oor groei, soek en vertrou, selfs wanneer dinge nie duidelik is nie.”*

*“Hierdie belydenis is nie die einde van my reis nie — dit is ’n nuwe begin. Ek kies om ja vir God te sê, selfs met my vrae. Ek kies om Jesus te volg, selfs wanneer die pad nie duidelik is nie. En ek kies om ’n lewe van geloof te leef, een stap op ’n slag.*
*In Graad 7 het ek ‘n baie standvastige verhouding met die Here gehad, maar soos ek in Hoërskool ingekom het, was ek blootgestel aan baie temptations en ek het weg beweeg van die Here, maar soos ek terug kyk sien ek hoe baie daai situasies my ook geleer het. Ek weet nou dat die Here my altyd sal ontmoet net waar ek is, Hy staan met oop arms.”*

*“Ek sien die kerk vandag as ’n plek waar ek Christelike beginsels kan leer en dit in my lewe toepas. Dit is nie meer net ’n gebou waar mense bymekaar kom nie, maar ’n ruimte van groei en gemeenskap.”*



*“Vandag is my geloof nie meer net iets wat ek doen omdat ek so grootgemaak is nie — dit is ’n keuse wat ek self maak. Ek weet ek is nie perfek nie en dat ek nog baie gaan leer en groei, maar ek wil my lewe op God bou en Hom volg. Deur my belydenis wil ek vandag sê dat ek aan die Here behoort en dat ek Hom wil dien met my hele hart, selfs wanneer dit moeilik raak.”*



*“Vandag is my geloof nie iets wat ek by die kerk leer nie, maar iets wat deel is van wie ek is.”*

# Waar is hul nou?

Die Belydenisklas van 2024 wat vroeg in 2025 voorgestel is, het intussen die wêreld van werk (of studies) betree. Sien hier die PAD WAT HUL LOOP:

AJ Glaum - BCom Regte, NMMU
Alouise Vosloo - Tandheelkunde, UP (Pretoria)
Ané Retief - Arbeidsterapie, UVS
Bea-né Schoeman - Argitektuur, NMMU
Chavonne Pieterse - Menslike Hulpbronnebestuur, NMMU
Danialle Rabie – Arbeidsterapie, UVS
De Wet Gerber – Leerlingvlieënier Hommeltuie
Doré Weitz - Onderwys, Emeris
Elrie Thysse - BSc Biochemie, NMMU
Evan Claassen - Medies, NMMU
Justin Terblanche - LLB, NMMU
Karla van Rooyen – Onderwys, Emeris
Kayleigh Büchner – Interieurontwerp, Inscape College
Linke de Wet - Interieurontwerp, NMMU
Marco Stroebel - Ingenieurswese, NWU
Mia J v Rensburg - Ingenieurswese, NWU
Milayke Fourie – Onderwys, Unisa
Mine Stroebel - Onderwys, Unisa
Nicolene Botha - Administratiewe Klerk
Reegan vd Merwe - Onderwys, Emeris
Zak Boshoff - Landbou, Peritum College




# Mannegroep

Op Vrydagoggende 05:00, terwyl baie van Sunridge nog slaap, kom daar 'n groepie manne bymekaar om te sing, te bid, Bybel te lees en om vir mekaar hoop te bring. Lees gerus twee getuienisse daaroor:

Dit is iets wat net van die begin af vir my reg gevoel het, en bly groei het op ons. Ek moet sê in ons geestelike reis het Vrydae altyd na 'n hoogtepunt gelei, van liedjies en sanggrepe uitsnuffel vroeër in die week, tot koffie maak vir ons maters van voor 04:00 af, die groet van almal voor by die hek, en saam koffie drink. Nodeloos om te sê ek mis dit baie . . . !
Die herinneringe daaraan is egter blywend en baie kosbaar. Ek loof die Here vir die geleentheid om betrokke te kon wees. Alle eer aan Hom wat vir ons leer "ek kan nie" is 'n vloekwoord, en welgedaan aan elkeen se bydraes en volgehoue gehoorsaamheid!
En natuurlik alle voorspoed aan julle vir die pad vorentoe, hou aan om geluk en vreugde uit te straal! Groete aan almal, en liefde van huis tot huis!
Elandré Bosch

Die mannegroep is vir my 'n besondere geleentheid waar ons as manne elke Vrydag-oggend om 05:00 bymekaarkom. Ons kom bymekaar om God te loof en prys, te gesels, vrae te vra, te kuier en koffie te drink. Ons deel ons harte met mekaar en bid saam vir mekaar en vir sake waarvoor daar 'n behoefte is.
Ons is God se dissipels en die mannegroep is die plek waar ons Sy stem, uit die Woord en by mekaar, hoor.
Die mannegroep is vir my soos 'n fontein van lewende water. As ons nie bymekaar kom nie, dan voel my geestelike brandstoftenk leeg . Ek is seker elke man loop elke Vrydag-oggend met "iets" wat die Here vir jou gesê het, daar uit - al is dit net die woorde van 'n lied of 'n getuienis wat ons gekyk het.
Ek nooi enige man uit om Vrydagoggende saam 'n bietjie pitkos te kom ontvang en so jou geestelike tenk te kom volmaak.
Frans Stapelberg. ***Indien jy meer inligting rakende die Mannegroep benodig, kontak Frans op 082 773 6205.***



*Hulle kom toe by die plek aan wat Golgota genoem word — dit beteken Kopbeenkoppie. Hulle gee toe vir Hom 'n mengsel van wyn en bitter kruie om te drink, maar toe Hy dit proe, wou Hy dit nie drink nie. Nadat hulle Jesus gekruisig het, het die soldate sy klere verdeel deur die gooi van dobbelsteentjies. Matt 27:33-35*

# VIA se kuier saam met Caroline-Grace Brüssow



Saterdagoggend 14 Maart het 130 opgewonde vroue (en 'n paar mans) van oraloor die kerksaal ingekom en die mooiste prentjie aanskou. Die pragtige versierde saal en tafels het vir afwagting gesorg. Hulle het met verwondering geluister na Caroline-Grace se vertellings en haar sang.
Haar tema was "Beleef die sagte kant van God" en sy het ons laat verstaan God het geen vereistes nie,  Hy is tevrede met jou, jy is genoeg, jy is geliefd, jy is waardevol, jy is God se meesterstuk, die Here seën jou en ons is die appel van Sy oog.



'n Heerlike verrassing was tydskrifte vir elke vrou en twee gelukkige trekkings per tafel.
Hierna kon ons die heerlikste eetgoed geniet saam met koffie of tee.

Mag Caroline-Grace se besoek nog lank in ons harte weerklank vind.

Erna Coetzee (VIA)

***Vir meer inligting oor VIA kontak vir Marisa van Wyk op 082 493 6258.***

# Ons stap saam met Jesus

## Tiener staptoer



Van 2-4 Desember 2025 het die vierde gesamentlike staptoer plaasgevind. Ons is baie dankbaar dat ons dit  weer saam met Lorraine en Sherwood gemeentes kon aanpak.

Daar was 63 kinders. Natuurlik sou ons dit ook nie kon doen sonder die twintig mentors nie. Met Eersterivier as basis het ons heerlik gestap by St Francis, Stormsrivier en Lady Slipper.  In totaal is daar oor die drie dae meer as 20 kilometer gestap.



Hierdie jaar het ons tydens die staptoer die volgende fokusteks gebruik:

***Filippense 3: 13-14 – AFR83 '(Geliefdes), ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.'***



Van die getuienisse wat die kinders na die staptoer gelewer het:

*“Dit was n manier vir my om te groei deur myself te vind en saam met vriende en Jesus te groei”*

*“Net weer te besef dat ek moet dankbaar wees vir als en nie net goed vir “granted” vat nie.”*

*"Dat God altyd daar is in die natuur  - maak nie saak of ons Hom kan sien of nie. Dit was 'n baie goeie manier om tieners bymekaar te kry en vir God te aanbid. Dit het vir my baie beteken dat my bussie so geanker is in God dat ons heelpad Worship-musiek geluister het en saam met mekaar God geloof en geprys het. Ek het definitief God se teenwoordigheid gevoel die hele kamp lank, veral in die bussie en op pad terug van die waterval af. Ek voel dit was 'n baie goeie geleentheid."*





*"Om in die natuur te wees het my net herinner hoe goed God se werk is. Die Here is altyd by jou, rondom jou, maak nie saak hoe jy voel nie, jy moet dit net raaksien."*

*"Ek het dinge geleer en gesien in 'n manier wat ek nooit aan gedink het nie, so dit het nogal my oë vir nuwe dinge in my en God se verhouding oopgemaak."*

# Kategese uitstappie

Op Sondag 1 Februarie 2026 het ons jaarlikse Kategese-uitSTAPPIE plaasgevind. Families het heerlik gestap vanaf die Sacramento staproete en by Sardiniabaai het daar heerlike waatlemoen en speletjies gewag. Dit was 'n wonderlike geleentheid om God so in die oopte en in die natuur te beleef.





# Wêreldbiddag 2026

Vanjaar het Kraggakamma Gemeente Wêreldbiddag op Donderdag 5 Maart saam met Lorraine- en Sherwoodgemeente gedenk. Die tema van vanjaar se byeenkoms kom uit Matt 11:28 – 30 en het gefokus op "Kom, Ek sal jou rus gee." Die baie geseënde byeenkoms het by Sherwood -gemeente plaasgevind en het 'n vol kerk getrek. Dit is vanjaar die 96ste keer dat Suid-Afrika deel is van die wêreldwye beweging en die gebedsdag word tans in meer as 170 lande op al 7 kontinente gehou.

Die aand wat ook met reën geseën is, het met gratis potjiekos in die saal begin. Almal het 'n pragtige boekmerkie met die teks en boodkap van vanjaar se biddag ontvang. Vier van die heerlike potte is deur Sherwood verskaf en een deur Kraggakamma. Dit was regtig baie gesellig met tafels en saamkuier van mense wat mekaar nie altyd so gereeld sien nie, asook die wat mekaar meer gereeld sien. Natuurlik is ook nuwe vriendskappe gevorm.

Daarna is almal in die aangrensende kerk in waar ds Barbara Marie Jacobs geopen het. Twee van die Kraggakamma dames, Marisa en Elizma, het 'n kort oorsig van die land Nigerië gegee, aangesien vanjaar se teksvers en boodskap vanaf Nigerië gekom het. Hul was in helderkleurige uitrustings geklee om so ietsie van Nigerië se kleurvolle kleredrag te probeer weerspieël. Die twee portale, wat een deur Sherwood en die ander een deur Kraggakamma versier is, het ook die wonderlike kleurvolheid en le-wensblyheid wat uit Nigerië gekom het, herdenk.

Die hoofspreker van die aand was Jaco Strydom wat bekend is vir sy skryfwerk en die Echo Jeughuise. Hy het baie gepas gepraat oor die verskillende tipes gebed en het onder andere verwys na die stilword- en die verwonderingsgebed. Sy vertellinge was baie insiggewend en het almal tot verdere denke gestimuleer.

Ds Tijane Pieterse het daarna die vier gebedstasies verduidelik. Die eerste een was waar daar 'n kersie aangesteek en gebid kon word vir die mense van Nigerië, veral na die video van twee sendingwerkers daar wat baie van hul probleme oor veral vervolging uitgelug het. By die Kraggakamma gebedstasie kon laste op 'n klip geskryf word en by die kruis neergelê word. Daar kon ook 'n kersie geneem word om jou lig so simbolies uit te dra.

By die Lorraine gebedstasie is daar weer op Nigerië gefokus met 'n sakkie saad as teken van hoop, groei en God se seën oor Nigerië.

Die vierde gebedstasie deur Sherwood het aangesluit by die tema van die aand met bakke water waarin die hande biddend ge-steek kon word om so simbolies jou rus by God te vind.

Elizma Harmse


Nigerië Wêreldbiddag
Hoop en Herlewing


GOD
IS
LIEFD


Skryf jou laste op die Klip en plaas dit onder die Kruis
Raak rustig
Neem `n kersie om jou Lig uit te dra na buite



# Kersboom projek

Die saadjie vir dié spesiale projek is geplant in laat 2025, tydens ‘n uitreik na MTR Smit Kinderoord. 'n Gemeentelid het 'n voorstel gemaak dat Kraggakamma Gemeente 'n Kersboomprojek moet aanpak, maar spesifiék vir Kersgeskenke vir die inwoners van MTR Smit Kinderoord. Hoewel dit om verskeie redes nie moontlik was om 'n boom vir Kersgeskenke vir MTR Smit te doen nie, het hierdie projek 'n vorm aangeneem wat alle verwagtinge oortref het!

Kraggakamma het besluit om eerder 'n Kersboom vir insameling van toiletware, skryfbehoeftes, skoolbenodigdhede, balle en speletjies vir MTR Smit Kinderoord te doen, aangesien dit 'n baie groot behoefte is wanneer die inwoners ná die lang vakansie terugkeer en fondse hiervoor dan baie beperk is.

Tydens die beplanning vir die MTR Smit Kersboomprojek, het Forever Family Homes ('n bediening van WWJD wat deur Kraggakamma ondersteun word) met Ds MG kontak gemaak om deur die gemeente hulp te vra met die aankoop van Kersgeskenke vir die 14 inwoners van hul huis. Dít is toe waar die Here Kraggakamma Gemeente wou gebruik om ander met Kersgeskenke te seën!

Twee Kersbome, 'n groen boom vir MTR Smit en 'n wit boom vir Forever Family Homes, met kaartjies vir benodigdhede (groen boom) en name/ouderdomme van inwoners (wit boom) is voor die eerste (eietydse) Kerssangdiens in die voorportaal van die kerk opgerig.

Ná daardie Sondag is ál 200 kaartjies van die groen boom en ál 14 kaartjies van die wit boom geneem met beloftes van benodighede en geskenke! Dit was absoluut oorweldigend om net wéér die goedheid, diensbaarheid en Jesus-harte van ons mede-gelowiges te ervaar!

Deur die loop van die volgende paar weke is nóg kaartjies gedruk en oues hersirkuleer en só is ongeveer 500 kaartjies se benodigd-hede in die voorportaal se geskenkhouers geplaas of by die kerkkantoor afgelewer. Ook ál 14 geskenke is gekoop en onder die wit boom geplaas en op Oukersdag deur WWJD-bediening uitgedeel.





Die MTR Smit bydraes is op 13 Januarie verdeel vir elke huis en op 14 Januarie deur Ds Toit by MTR Smit Kinderoord afgelewer. Toe Ds Toit met al die donasies daar opdaag, was die MTR Smit-span totaal oorweldig! Hulle het deur trane van blydskap met hom gedeel dat hulle nét daardie oggend oor al die kinders se skoolbenodigdhede-lyste vergader het en gewonder het hoe hulle dit sou kon bybring, aangesien hulle geen fondse vir skoolbenodigdhede beskikbaar gehad het nie. Wat 'n voorreg vir ons as Kraggakamma Gemeente om MTR Smit so reg uit God se Hand te kon seën!

Die volgende boodskap is na ontvangs deur Tanya Eales van MTR Smit op Facebook gedeel:
"Ek wil graag die NG Kraggakamma Gemeente uit my hart uit bedank vir die donasie wat ons ontvang het. Dit het net weer vir my gewys dat die Here totaal in beheer is, want alles wat ons ontvang het is presies wat ons nodig gehad het en ons het nie fondse beskikbaar gehad om dit aan te koop nie. Baie dankie aan almal wat bygedra het."

Jesus self het gesê dit gee groter geluk om te gee as om te ontvang. Ons gebed is dat ons as Kraggakamma Gemeente nog vele soortgelyke projekte suksesvol sal kan aanpak en só God se liefdes- en genadegawe deur óns dade kan uitleef.



Renette Nel

# Kruissangdiens 22 Maart

Ons gemeente se eerste kruissangdiens het plaasgevind op Sondagaand 22 Maart 2026



# Uit my kombuis

Gedagtig aan ons gemeente se drie-en-vyftigste verjaarsdag wat onlangs gevier is, sit ons die feesvieringe voort met 'n koek wat paslik *Feestelike koek* genoem word, en dan is daar ook 'n maklike resep vir alledaagse gebruik as die honger (of lus!) skielik knaag.

## FEESTELIKE KOEK

(Aangepas uit 'n Huisgenoot van Sept. 1988)

**Bestanddele:**

**Beslag**

130 g (150 ml) sagte botter of margarien

80 g (100 ml) suiker

4 eiers , geskei

120 g (250 ml) gesifte koekmeelblom

10 ml bakpoeier

125 ml melk

100 g okker- of pekanneute, gekap

200 g (250 ml) suiker

**Vulsel**

250 ml room

5 ml vanieljegeursel

10 ml suiker

**Metode**

Stel die oond op 180 °C. Smeer twee losboompanne (±25 cm in deursnee).

Room die botter en suiker tot lig en romerig. Voeg drie eiergele een vir een by en meng goed.

Sif die meel en bakpoeier saam en meng dit beurtelings met die melk by die bottermengsel.

Verdeel die deeg (daar is nie te baie deeg nie!) tussen die twee panne en strooi die gekapte neute oor die deeg in elke pan.

Klits die 4 eierwitte effens en voeg dan die suiker geleidelik by. Klits totdat 'n stywe meringue gevorm is. Bedek elke pan se deeg met die meringue en bak vir 20 tot 25 minute. Laat die koeke in die panne afkoel.

Klits intussen die room en voeg die vanieljegeursel en suiker geleidelik by en klits dan tot styf.

Keer die koeke uit sodat die meringue bo is. Smeer die roommengsel op die onderste (minder mooi) meringue-laag en plaas die ander koek (met die mooiste meringue-laag!) bo-op.

# MIKROGOLF SJOKOLADEKOEK (in ‘n roomysbak)

**Bestanddele:**

1 koppie suiker
1 koppie meel
3 eetlepels kakao, gerond
3 teelepels bakpoeier
½ koppie olie
2 eiers
1 teelepel vanieljegeursel
1 koppie warm water

**Metode**

Meng alles saam met ‘n lepel en gooi dit dan in ‘n **goed** gesmeerde 2 liter roomysbak. Plaas die bak op ‘n omgekeerde piering of bordjie in die mikrogolfoond en mikrogolf op volsterkte vir 7 minute. Los dit vir nog 5 minute in die oondjie met die deur toe.
Sit ‘n groot bord op die roomysbak en keer dit dan so saam-saam om.
Dit kan net só geëet word, of met karamelkondensmelk op, of maak die volgende versiersel/**sjokoladesous** terwyl jy wag vir die koek om gaar te word:

50 g gesmelte margarien
100 g versiersuiker
13 ml kakao
25 ml suurmelk (sommer gewone melk met bietjie asyn of suurlemoensap bygevoeg}

Roer en verhit alles saam op die stoof en gooi dit oor die koek amper net ná dit uit die mikrogolfoond gehaal en omgekeer is. Magriet Lombard



# Uit die argiewe

## Kyk hoe besig was ons vyftig jaar gelede en wie was ons eerste dominees!

NED GEREF KERK KRAGGAKAMMA

Program vir FEBRUARIE 1976

| | | |
|---|---|---|
| Sondag | 1 | Biddag vir Kerkjeug<br>9 vm Erediens<br>10 vm Kategese<br>7 nm Erediens - Rev Carlson<br>Doopregistrasie. Sin. Kol. vir Jeugarbeid. |
| Woensdag | 4 | 5 nm Kinderkrans<br>6 nm Senior Jeug - Sending<br>7 nm Biduur<br>7 30 nm Belydende Jeug<br>7 30 nm Vrouediens - Mnr Kosie Jooste oor Televisie.<br>8 30 nm Kooroefening. |
| Sondag | 8 | 9 vm Erediens<br>10 vm Kategese<br>7 nm Erediens |
| Woensdag | 11 | 5 nm Kinderkrans<br>6 nm Senior Jeug - Vasvra teen Westering<br>7 nm Biduur<br>7 30 nm Belydende Jeug - Sakevergadering<br>7 30 nm Kooroefening |
| Sondag | 15 | 9 vm Erediens. Doopbediening<br>10 vm Kategese<br>7 nm Erediens<br>Sinodale kollekte Sending onder Kleurlinge. |
| Woenskag | 18 | 5 nm Kinderkrans<br>6 nm Senior Jeug - Bybelstudie uit Bergrede<br>7 nm Biduur<br>7 30 nm Belydende Jeug - Bybelstudie<br>7 30 Kerkkoor<br>7 30 nm Kerkraadsvergadering |
| Sondag | 22 | 9 vm Erediens<br>10 vm Kategese<br>7 nm Erediens |
| Woensdag | 25 | 5 nm Kinderkrans<br>6 nm Senior Jeug - Kommunisme<br>7 nm Biduur<br>7 30 nm Belydende jeug - Vrugtefees<br>7 30 nm Kooroefening |
| Vrydag | 27 | Gemeentelike Jeugkamp te Suurberg |
| Sondag | 29 | Eerste Lydensweek<br>9 vm Erediens<br>10 vm Kategese<br>7 nm Erediens |

oooo000oooo



Eerste dominee van die gemeente:

Ds Jan en mev Judy Viljoen: 15 April 1973 - 24 April 1994



Ds R P en mev Elma Black: Julie 1980 - Februarie 1984



Ds J F en mev Louise Gouws : September 1984 - Julie 1988



Ds Ferdi en mev Ronel Gouws: 2 Oktober 1988 - 30 Maart 2002

# Ken jou koster

Ons vra vir Ryno Muller 10 vrae om hom beter te leer ken.

**Vertel ons van jou familie. Wat doen jou vrou en jou 2 dogters?**

*My vrou is 'n kliniese fasiliteerder en gee klas by Greenacres Hospitaal.*
*Ons oudste dogter Karla is besig met haar doktorsgraad in Biochemie in Amsterdam.*
*Soné doen 'n BSc-graad in Diere-fisioterapie.*

**Wanneer is jou verjaarsdag?**

*4 Mei*

**Wat was jou heel eerste werk? Wat het jy gedoen voordat jy hier as Koster begin werk het?**

*Ek was Interne Ondersoekbeampte by SAPS.*

**Van wanneer af werk jy by NGK Kraggakamma?**

*2019*

**Wat is jou gunsteling maaltyd?**

*Braaivleis*

**Het jy enige stokperdjies of belangstellings buite werk?**

*Visvang*

**Wat geniet jy die meeste van werk in 'n kerkomgewing?**

*Die mense*

**Watter slagspreuk of lewensmotto herhaal jy gereeld vir jouself? Of wat is jou gunsteling Bybelvers?**

*Filippense 4:13 — Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.*

**Het jy enige troeteldiere?**

*'n Hond en twee katte.*

**Waarvoor is jy bang?**

*Hoogtes*



# Hoe ek dink oor oorlog? Ds. MG van Rooyen vertel

Ek het meer as 30 jaar gelede as dienspligkapelaan in die weermag gedien. Ek het dit gedoen omdat ek ek geglo het dat ek so kon help om ons land te beveilig. Die grensoorlog was verby en ek het so ‘n rukkie afgedeelte diens gedoen in die ou Oos-Transvaal. Met ander woorde, van oorlog weet ek niks. Hier is so paar opmerkings oor my standpunt oor oorlog. Almal hoef nie met my saam te stem nie, maar hopelik laat dit jou so bietjie dink.

‘n Senior offisier het eendag vir my gesê dat mens in ‘n oorlog nie oorwinnaars kry nie, net oorlewendes. Met my bietjie ervaring, stem ek met hom saam. Baie, veral manne in ons land, se lewens, huwelike en gesinne ly vandag nog onder die gevolge van ‘n oorlog wat hulle van die skoolbanke af moes gaan veg. Hulle is oorlewendes, nie oorwinnaars nie.

Daar is ‘n spreekwoord wat sê dat wanneer die olifante baklei, die gras ook seerkry. En dit is die hartseer realiteit van oorlog – baie onskuldige mense ly en sterf. En soos wat ons tans ervaar, kring oorlog wêreldwyd uit met baie negatiewe gevolge. Dit is een van die redes waarom ek vermoed dat mense wat oorlog aanmoedig, nog nooit in ‘n oorlog betrokke was nie.

Ons moet ook baie versigtig wees om oorlog te oorvereenvoudig as ‘n geveg tussen goed aan die een kant en sleg aan die ander kant. Ek het, as dienspligkapelaan, die voorreg gehad om gesprekke te hê met ‘n paar mense wat ons eens “terroriste” genoem het. Dit het gebeur in die oorbruggingstyd en die integrasie van die verskillende weer-magte. En tussen hulle was daar toegewyde kinders van die Here.

God het aan regerings die swaardmag gee om kwaaddoeners te straf (Rom 13:1-4). Dit is die regering se plig om op te tree om wetteloosheid, onreg en geweld te straf. Maar ek dink nie dat hierdie waarheid misbruik kan word om oorloë te regverdig nie.

Soos wat ons lees in Jak 4:1-2 is ek oortuig dat oorlog uit mense se selfsugtige begeertes en jaloesie ontstaan.

God neem, deur sy Seun, Jesus Christus baie sterk standpunt in teen enige geweld of oorlog.
Ons as kinders van die Here is, in sy voetspore, wangdraaiers en vredemakers, ons het ons vyande lief en ons oorwin die kwaad deur die goeie (Matt 5:9, 38-48 en Rom 12:18-21).

Oorloë en gerugte van oorloë op ons skerms is geboortepyne, die begin van ‘n nuwe tyd (Matt 24:6-8; 36). Dit herinner ons vandag dat die Here oppad is en dat ons verhouding met Hom altyd reg moet wees. Ek sien uit na God se wederkoms. Dan sal Hy alle aggressie, geweld en oorlog finaal beëindig.

# Oopkop ouerskap

Op soek na inspirasie vir ‘n tema vir hierdie kwartaal se artikel, het ek gedoen wat enigeen met ‘n belangrike vraag in vandag se wêreld sou doen…

Ek het vir ChatGPT gevra: **“Waaroor raadpleeg meeste ouers van kinders tussen 2 en 12 jaar die internet?”** Natuurlik het ChatGPT my breedvoerig en in hogere Afrikaans beantwoord.

Hierdie ses areas van bekommernis vir ouers is beslis almal in my “search history” en daarom het ek besluit om te kyk watter raad die Bybel kan bied vir elk:

**Gesondheid en voeding**

Wat jou kind eet (of nie eet nie) en jou kind se algemene gesondheid kan vir ouers ‘n groot bekommernis wees, veral wanneer hulle klein is. Of dit nou die kleur van die doek of die feit dat sy haar morsdood gril vir “solids” is- daar is altyd iets om jou in die nag wakker te hou. Die Bybel beklemtoon ‘n gebalanseerde leefwyse, matigheid in alles wat ons doen en herinner ons dat God vir ons al die wonderlike, natuurlike dinge gee wat ons kinders nodig het om te groei, maar stel ons ook gerus deur te sê dat ons nie moet bekommer nie, maar ons begeertes deur *“gebed en smeking en met danksegging”* aan God moet bekendmaak. As jou spruite van wit winkelbrood en “chicken strips” lewe - jy is nie alleen nie, hou aan probeer en bid daaroor.

**Ontwikkeling en mylpale**

Hulle sê: “Moenie vergelyk nie. Elke kind is uniek.” Die “hulle” is eenhonderd persent reg, maar dis makliker gesê as gedaan. Ons voel dikwels minderwaardig wanneer iemand anders se kind iets vinniger of beter as ons s’n kan doen. Die Bybel sê in Prediker 3:1 *“Alles het sy bepaalde uur en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd.”* Berus jou daarby - jou kind sal blom, wanneer die tyd reg is!

**Opvoedkundige hulpbronne**

Vandag se wêreld is uiters kompeterend - ons prop ons kinders vol kennis, hol van een aktiwiteit na die volgende en saans probeer ons baklei-baklei huiswerk afhandel, take doen en instrumente bemeester. Elke sekonde is propvol. Opvoeding is beslis een van die belangrikste rolle van ‘n ouer, maar ek vind dat ek te maklik deur die druk om te presteer meegesleur word en vergeet dat my rol as Christen-ma nie ‘n gleuf in die sportrooster of die sillabus het nie. Ek moet myself konstant herinner dat Deutronomium 6:6 sê*: “Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.”* Ons moet kreatiewe maniere soek om in die gejaag ons kinders van God te leer.



## Bekommernisse oor skermtyd

Ek glo nou nie Bybelse mammas en pappas het oor skermtyd bekommer nie, maar die idee dat "enigiets met 'n *te* vooraan, nie goed is nie," is 'n eeue-oue konsep. In my opinie is skermtyd op sigself nie 'n euwel nie, maar wanneer dit daardie gevreesde *te* vooraan kry, word dit 'n probleem. Praat eerlik met jou kinders oor die gevare van te veel skermtyd (en te veel enigiets, *for that matter*). In 1 Korintiërs 6:12 staan: *Daar is mense wat sê: "Alles is my geoorloof." Ja, maar nie alles is heilsaam nie. "Alles is my geoorloof," sê hulle. Ja, maar ek gaan my nie deur enigiets laat verslaaf nie.* Net omdat skerms, die internet en YouTube vrylik vir kinders beskikbaar is, bedoel nie dat alles op hierdie platforms (of te veel daarvan) goed is vir hulle nie. Praat met hulle daaroor en verduidelik die *hoekom* agter jou skermtydreëls.

## Emosionele welstand- hoe om angs te hanteer

As ons weer punt nommer 3 lees, is daar oorgenoeg redes in vandag se prestasiegedrewe wêreld vir ons kinders om angstig te wees. Oor angstigheid in kinders kan ons 'n hele artikel skryf, maar om self die gedrag wat jy wil sien te "modelleer" is die beste geweer. Hoe hanteer julle as ouers spanning en angstigheid? Miskien is 2 Timoteus 1:7 van hulp (vir jou en jou kinders): *"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing."*

## Aanlynveiligheid

Aanlynveiligheid is iets wat meeste hedendaagse ouers se hare laat rys. Kenners stel oop en eerlike gesprekke met jou kinders oor aanlynveiligheid en vaardighede vir aanlyngedrag voor as goeie maniere om jou kind te beskerm. Dis moeilik om oor aanlyn gewoontes met jou kinders te praat, veral omdat dit iets is waarmee meeste ouers nie self grootgeword het nie. Om die kommunikasiekanale oop te hou is moeilik, maar belangrik. Jakobus 1:19 herinner ons dat "*elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie".* Ons kinders moet weet dat ons sal luister, al hou ons nie van wat ons hoor nie en al stem ons nie met wat hul doen saam nie.

As 'n mens kyk na hierdie ses ouerskapsuitdagings, is dit moeilik om nie te bekommer oor ons sukses as ouers nie, maar beslis is daar 'n goue draad dwarsdeur die Bybelse raad: **Bly bid!**

Candice van Rooyen



# Verantwoordelikheid vir jonges — 'n opsie of 'n moet?

Boeta kom huis toe en met 'n luidrugtige aankondiging verneem Ma sy moet 'n tennisraket en tekkies gaan koop, want Boeta het besluit tennis is sy sport. Pa en Ma is baie opgewonde en gee hulle volle ondersteuning, bloot vir Boeta om 'n maand later met 'n hartseer gesig en lang trane mee te deel dat hy nie meer tennis wil speel nie.

Opsie een: Ma druk vir Boeta en verduidelik dit is alles in die haak en Boeta gooi die raket en tekkies agter in die kas.

Opsie twee: Ma druk vir Boeta, vee sy trane af en verduidelik vir hom dit was sy keuse om tennis as sport te kies en ongelukkig gaan hy die hele jaar moet tennis speel, aangesien daar uitgawes was. By dit verduidelik mens natuurlik dat hy sosiaal kan speel by die skool, solank hy deelneem en aanvaar dat hy tennis gekies het en nou 'n sin van verantwoordelikheid moet wys. Dit kweek ook deursettingsvermoë by kinders en leer hulle dat hulle KAN, al voel hulle nie aldag so nie.

Sussie kom met 'n detensiebriefie by die huis oor sy 'n maatjie oor en oor geterg het. Selfs na juffrou gepraat het, het Sussie voortgegaan.

Opsie een: Ma spring op haar perdjie, want Sussie is nie so grootgemaak nie.  Ek stem, sy is nie so grootgemaak nie, maar sy is 'n mensie met haar eie idees en gedagtes en maak bedags haar eie besluite—hoewel nie aldag die beste besluite nie.  Skryf 'n briefie terug dat die detensie nie aanvaar word nie en Sussie sal nie detensie sit nie.

Opsie twee: Ma aanvaar dat haar kind nie 'n engeltjie is nie en gesels rustig met haar oor die aangeleentheid en verduidelik dat sy detensie sal sit as 'n straf en so kan nadink oor die verantwoordelikheid vir haar keuse.

Ons kweek dit by kinders dat hulle geen verantwoordelikheid hoef te aanvaar nie en ek sien dit ongelukkig daagliks in my werk. Kinders weet nie wat dit beteken nie, want hulle ouers red hulle oor en oor.  Die nagevolg is 'n generasie wat alles gaan oorlaat aan lot. En lot bestaan nie en vat GEEN verantwoordelikheid nie.  Is dit nie tot 'n mate hoekom ons mooie land tans in 'n verknorsing is rakende reserwes nie?!

Sit 'n veer in jou hoed indien jy opsie twee is en trek die skoen aan en loop die doring-pad.  Daar is altyd tyd vir regstel.
Ellenette Meiring


# Uit die pen van 'n eerstejaar...

**<u>Ses dinge wat ek as eerstejaar in 2026 geleer het</u>**

1. Ek mis nie skool nie.
2. Groceries is ongelooflik duur.
3. As een krisis eindig begin die volgende een. Dit hou NOOIT op nie, maar op een of ander manier werk alles uit.
4. Jy gaan vriende maak en mense ontmoet wat jou verstaan. Ek belowe jy gaan nie alleen wees nie.
5. Om aan alles deel te neem is die moeite werd. Niemand kyk na jou of gaan onthou as jy jou naam met 'n plank slaan nie. As jy sit en niks doen, gaan jy meer tyd hê om na die huis te verlang.
6. Jy kan maklik jou nuwe huis skep as jy deel word van die regte gemeenskap. Maak vriende met dieselfde waardes as jy en spandeer baie tyd met die Here.

*Ané Retief is 'n eerstejaar Arbeidsterapie student by die Universiteit van die Vrystaat.*





*Teen drie uur het Jesus baie hard uitgeskreeu: "Eli, Eli, lema sabagtani", wat beteken: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" - Matt 27:46*

# Agt gewoontes vir gelowiges in 2026

Hoe gaan dit met jou fiksheidsplan/dieet? Die gym is seker al amper ’n tweede huis. En jou suikerinname? Hoeveel kilogram is al uitgesny? Jou skermtyd en doom scrolling gewoontes op sosiale media is natuurlik laer en die Bybelplan wat jy op 1 Januarie begin het, word seker nog elke dag getrou gevolg… en nie iewers rondom dag vyf stilweg laat val nie.

Daar is min dinge so ambisieus (en so kortstondig) soos ’n nuwejaarsvoorneme. Dit begin gewoonlik met ’n groot besluit, ’n vars lys, en ’n illusie dat hierdie jaar die jaar is waarin jy uiteindelik jou lewe uitsorteer. Teen die derde week van Januarie is daardie lys êrens onder ’n hoop wasgoed, jou motivering is skelm met vakansie en jy wonder hoekom jy elke jaar weer hier beland.

Dis nie dat ons nie ernstig is oor verbetering nie. Ons bedoel dit regtig. Maar dalk is die probleem nie ons dissipline nie, maar ons vertrekpunt. Ons begin by selfverbetering, eerder as by genade. By “meer doen”, eerder as by “anders leef”.

Maar, wat as 2026 nie gaan oor nóg ’n poging om onsself te “fix” nie, maar eerder oor die aanleer van gewoontes wat ons oopmaak vir God se werk in ons gewone, soms-chaotiese lewens?

Ja, wat as hierdie nuwe jaar nie vra vir ’n beter weergawe van jouself nie, maar vir ’n dieper een? Hier is agt gewoontes wat gelowiges in 2026 kan aanleer, nie om God te beïndruk nie, maar om oop te raak vir die God wat reeds hier is.

**1. Begin die dag met eerlikheid, nie indrukwekkende gebede nie.**

Baie van ons begin die dag reeds moeg, selfs nog voor die kafeiene in die koffie kans kry om sy ding te doen. Tog voel ons gebede soms soos ’n poging om onsself bymekaar te kry voor God: mooi woorde, regte houding, net genoeg geloofstaal om alles ordentlik te laat klink.

Maar eerlikheid is dalk die mees onderskatte geestelike dissipline. In 2026 kan jy oefen om die dag te begin soos jy regtig is. Nie soos jy behoort te wees nie. Om vir God te sê: “Here, ek is gespanne.” “Ek’s geïrriteerd en ek weet nie hoekom nie.” “Ek sien nie kans vir alles wat vandag wag nie.” “Here, ek is so moeg.”

Onthou, jou gebede hoef nie te klink soos iets uit ’n teologiese handboek nie.

Hierdie soort gebed gee nie voor nie en maak ook nie dinge mooier as wat dit eintlik is nie, dit maak dit waar. En dis juis daar waar ons God ontmoet. Eerlikheid skep ruimte vir genade, want dit erken dat jy nie jou eie Verlosser is nie. Hierdie gewoonte leer jou dat gebed nie prestasie is nie, maar verhouding.

**2. Lees die Bybel stadiger en sonder die konstante skuldgevoelens.**

Baie gelowiges het ’n ingewikkelde verhouding met Bybellees. Ons weet dis belangrik, ons wil dit doen, maar êrens langs die pad het dit verander in iets op ’n Christelike te-doen-lys. Jy’s óf agter, óf jy doen dit “nie genoeg nie”, óf jy voel skuldig omdat jy nie onthou wat jy gelees het nie.

In 2026 kan jy dalk iets radikaals probeer: Lees minder, maar met meer aandag. In plaas van drie hoofstukke op ’n gejaagde manier, lees ’n paar verse. Bly daar. Lees dit weer. Let op wat jou pla, wat jou tref, wat jou laat wonder.

Die Bybel is nie ’n boek wat jy moet klaarkry nie. Dis ’n storie waarin jy stadig gevorm word. Stadige lees leer jou om te luister, nie net om in te neem nie. Dit herinner jou dat God nie haastig is nie en dat jy dit ook nie hoef te wees nie.

**3. Maak rus ‘n geloofsdaad, nie ’n beloning nie.**

Ons leef in ’n wêreld waar rus iets is wat jy “verdien”. Eers werk jy jouself poegaai, dan, as daar tyd oorbly, mag jy rus. Maar die Christelike geloof draai dit om: Rus is nie ’n beloning vir harde werk nie; dit is ’n verklaring van vertroue.

Om te rus sê: Ek glo God hou aan werk, selfs wanneer ek ophou. In 2026 kan jy oefen om rus te sien as iets heiligs, nie iets lui nie. Dit beteken dat jy soms jou foon moet wegsit. Dat jy nee sê vir nog 'n taak. Dat jy jouself toelaat om net teenwoordig te wees sonder om produktief te voel.

Rus herinner jou daaraan dat jou waarde nie lê in wat jy doen nie, maar in wie jy is. Dis 'n geloofsdaad in 'n wêreld wat jou wil oortuig jy is net so goed soos jou uitset.

**4. Beoefen dankbaarheid sonder om jou pyn weg te verduidelik.**

Dankbaarheid word soms verkeerd verstaan as 'n manier om dinge mooier te maak as wat dit is. "Wees net dankbaar" kan maklik klink soos "moenie so voel nie". Maar ware dankbaarheid ontken nie pyn nie, dit leer jou eerder om lig raak te sien te midde daarvan.

In 2026 kan jy 'n eenvoudige gewoonte aanleer: elke dag een oomblik van dankbaarheid. Nie iets groot nie, maar iets eg. Soms is dit 'n gesprek. Soms is dit 'n lekker koppie koffie of 'n heerlike bord kos. Soms is dit net dat jy deur vandag gekom het.

Dankbaarheid vorm jou uitkyk. Dit maak jou nie blind vir swaarkry nie, maar dit keer dat swaarkry alles word wat jy sien. Dis 'n sagte, volgehoue oefening om te glo dat God se goedheid nie afwesig is nie, selfs wanneer alles nie reg is nie.

**5. Wees sagter met mense (veral waar dit maklik is om hard te wees).**

Die wêreld beloon skerp menings en vinnige reaksies. Sosiale media maak dit maklik om te reageer sonder om te luister, om mense te reduseer tot standpunte en om altyd iets te sê. Een van die mees teenkulturele gewoontes vir gelowiges in 2026 is sagtheid. Dit beteken jy kies soms om nie te reageer nie (jy luister meer as wat jy reageer). Jy vra eerder 'n vraag as om 'n punt te maak. Jy onthou dat daar 'n mens is agter elke opinie.

**6. Leer om grense te stel sonder om skuldig te voel.**

Baie gelowiges leef met die idee dat goeie mense altyd beskikbaar is, altyd moet help en altyd ja sê. Maar 'n lewe sonder grense raak gou 'n lewe sonder vreugde… en sonder energie om regtig lief te hê.

In 2026 kan jy oefen om jou grense raak te sien as iets geestelik, en nie selfsug nie.

Grense help jou om getrou te wees met wat jy wel kan gee, eerder as om uitgebrand te raak deur alles te probeer doen. Om nee te sê kan 'n daad van gehoorsaamheid wees, 'n erkenning dat jy nie God is nie en dit ook nie hoef te wees nie.

**7. Dien klein, sonder applous.**

**Ons droom maklik van groot impak en sigbare** verskil. Maar die meeste geestelike groei gebeur in klein, onopvallende dade. Dinge wat niemand afneem of deel nie.

In 2026 kan jy oefen om klein dade van diens raak te sien: 'n WhatsApp om te vra hoe dit regtig gaan, 'n ete vir iemand wat swaarkry, 'n gebed wat niemand anders hoor nie. Hierdie dinge verander dalk nie die wêreld oornag nie, maar jy leef jou roeping uit as Jesus se hande en voete op aarde.

**8. Vertrou dat God reeds aan die werk is (selfs in jou gemors).**

Miskien is die belangrikste gewoonte van almal hierdie een: om te glo dat God nie wag vir jou om eers "reg" te word nie.


Mag jy in 2026 oefen om God raak te sien waar jy self nog onvoltooid voel. In jou vrae. Jou herhalende foute. Jou halfpad-pogings. Die geestelike lewe is nie 'n reguit lyn nie. Dis 'n u-draai, weer en weer, na die waarheid dat God nader is as wat jy dink.

Hierdie vertroue bevry jou van die druk om alles reg te kry. Dit leer jou om te leef vanuit genade, nie vir genade nie. En dalk is dit die enigste voorneme wat werklik hou.

Miskien is dit wat 2026 regtig vra: nie nóg meer moeite nie, maar meer vertroue. Vertroue dat God nie wag vir alles om eers reg te wees voordat Hy begin werk nie. Dat genade nie die eindpunt van die geloofslewe is nie, maar die beginpunt. Wanneer die jaar weer skeefloop, want (spoiler alert!) dit sal—mag hierdie gewoontes jou herinner dat God reeds daar is. In elke opgee, in die herhalende foute, in die dae wat nie mooi uitwerk nie.

*Wilmi Wheeler vanaf Kaapkerk webtuiste*

# Raai raai riepa!




## Dwars:

1. Ons kerktuin het drie verskillende spesies van hierdie bekende inheemse boomsoort
3. Die Josef wat Jesus se liggaam na sy graf geneem het, het van hierdie dorpie gekom (Mark 15:43)
4. Hierdie heuwel se naam beteken “Plek van die Kopbeen”(Matt 27:33)
9. Die aantal silwerstukke waarvoor Judas vir Jesus verloën het
11. Jesus is die oggend om ……-uur gekruisig (Mark 15:25)
12. “Eli, Eli,—-sabagtani” was sommige van Jesus se woorde aan die kruis (Matt 27:46)
14. Die Sondag net voor Paassondag staan bekend as ……… Sondag
15. Die naam van die hardwerkende dame in ons kerkkantoor
17. Hierdie dier het Petrus aan Jesus se woorde dat hy Hom sou verloën, herinner
20. Die goewerneur voor wie Jesus gebring is om verhoor te word (Luk 23:1)
21. Hierdie lekkerny wat glo ‘n simbool van nuwe lewe is, is volop in die winkels hierdie tyd van die jaar
22. Hierdie rivier vloei deur ons stad
23. Die ongeveer sewe weke voor Jesus se kruisiging word so genoem

## Af:

1. Die dag is soms meer bekend as Paasmaandag
2. Ons gemeente is God se …….van liefde
5. Sy het saam met die twee Marias reukolie gekoop om Jesus se liggaam te balsem (Mark 16:1)
6. ‘n Tuin wat hoofsaaklik bome bevat (soos ons kerktuin)
7. Hy het Jesus se kruis gedra (Luk 23:26)
8. Na Jesus se kruisiging het die voorhangsel in die …….. middeldeur geskeur (Luk 23:44)
10. Sy lang ore en wollerige lyfie speel ‘n rol in baie mense se Paasvieringe
13. Die algemene kerkvergadering waar gemeentes ontmoet om sake te bespreek
16. As jy hier sit, kan jy uit die hoogte neerkyk op die predikant!
18. Hierdie voorwerp het die hoëpriester se slaaf se oor verwyder (Luk 22:50)
19. Ons gemeente is vanjaar ….-en-vyftig jaar jonk



*Daarom versoek ons u om opdrag te gee dat die graf drie dae bewaak word. Dit sal sy dissipels verhinder om sy liggaam te kom steel en vir almal te vertel: “God het Hom uit die dood opgewek.” - Matt 27:64*

# Doopgeleenthede



**Lucy Charlotte Moolman**

**14 Des 2025**



**Pierre-Willem Pretorius**

**21 Des 2025**



**Nico Lombard**

**8 Feb 2026**



**Lukas Smith**

**22 Feb 2026**



**Lukas Alberts**

**22 Feb 2026**



**Reyneke Rossouw**

**15 Maart 2026**

## Ek het jou op jou naam geroep...



Riana Viljoen

22 Maart 2026

**...jy is**
**Myne**

# Van die jongstes...na die oudstes! Wie het almal 90 en ouer geword?

Baie geluk aan...

Joey Schnetler wat Vrydag 23 Januarie 91 geword het

Issie Venter wat Donderdag 26 Februarie 95 geword het

Corrie Grobler wat Saterdag 14 Maart 93 geword het

Chris Koen wat Dinsdag 31 Maart 94 geword het


# Waarna sien ons uit

**14 Mei - Hemelvaart**

**18 tot 20 Mei - Pinkster**

**20 Junie - Kermis**

**6 tot 10 Julie - Avontuurweek**



***Daarop het die engel die vroue aangespreek met die woorde: "Julle hoef nie bang te wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is opgewek uit die dood, presies soos hy gesê het." - Matt 28:5-6***

